

Nuwe Lied Bediening



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Onderskeiding Van Die Waarheid

Die wêreld beleef 'n kennis ontploffing, maar 'n gebrek aan wysheid! Toegang tot kennis was nog nooit so maklik soos deesdae nie. Wysheid kom met ondervinding en vereis die regte toepassing van kennis. Die kennis wat toegepas word, moet egter die waarheid wees, andersins sal die toepassing daarvan dwaasheid wees en kan dit rampspoedige gevolge hê!

Bruikbare kennis is om bekend te wees met die waarheid, naamlik met die ware feite. Daarom moet alle kennis evalueer word ten einde seker te maak dat dit die waarheid is, alvorens dit toegepas of benut word. Indien iemand nie genoegsame kennis ten opsigte van 'n bepaalde onderwerp of in 'n bepaalde area het nie, sal so 'n persoon baie moeilik kan onderskei of die nuwe kennis (inligting) wat ontvang word wel die waarheid is wat tot nut kan wees.

Dit is derhalwe wysheid om alle kennis eers te evalueer voor dit geglo en toegepas word. Hierdie is 'n goue reël wat in elke faset van ons lewe, en veral ten opsigte van ons geloofsluwe, toegepas moet word. As gelowiges in YHVH as ons God en Vader en in Sy Seun, Yeshua as Die Gesalfde Een, word ons ook oorlaai met geestelike kennis! Maar baie evalueer egter nie hierdie kennis nie! Dit word dikwels net so aanvaar, geglo en toegepas. Die gevolg is dat misleiding ook in hierdie dae steeds aan die toeneem is.

Geestelike wysheid is kennis van die ware feite soos dit in YHVH se Woord openbaar word. Wysheid begin met 'n eerbiedige ontsag vir YHVH en met deeglike kennis van Sy geskrewe Woord.

¹⁰Die respekvolle vrees vir יהוה is die begin van wysheid en die kennis aangaande die Afgesonderde is insig, ¹¹want deur haar sal jou dae vermeerder word en die jare van jou lewe sal vermeerder word. Spr. 9:10.

Deur deur 'n intieme verhouding met YHVH as God en Vader, en wat voortspruit uit kennis van Sy Woord, sal elkeen met wysheid die waarheid en die leuen van mekaar kan skei. Daarom het Paulus vir Timotheus gesê:

Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2 Tim. 2:15.

Daarom: Moenie alles glo wat deur 'n mens geskryf of gesê word nie. Alle geestelike dinge wat gelees, gehoor of gesien word, moet eers aan YHVH se Woord getoets word om te bevestig dat dit wel die waarheid is. Ten einde te toets of dit die waarheid is, moet jy seker maak dat jy genoegsame kennis het om dit te kan evalueer en jy moet bevestiging van die Afgesonderde Gees kry dat dit wel die waarheid is.

Dit is egter ook ewe belangrik om te verstaan dat wanneer geestelike kennis evalueer word, het ons almal die geneigdheid om enige nuwe kennis wat nie ooreenstem met eie vooropgestelde idees, huidige kennis en insig nie, te verwerp. Daarom moet ons versigtig wees vir 'n gesindheid van: *Ek het klaar besluit en wil niks anders hoor nie.* Dit is 'n duidelike teken van geestelike hoogmoed!

Elkeen moet 'n leerbare en ondersoekende gesindheid openbaar. Onthou: Geen mens het die volle geestelike waarheid nie. Die Afgesonderde Gees is egter die Gees van Waarheid wat ons sal leer (Joh. 14:26). Streng gesproke het jy en ek nie 'n mens nodig om ons die geestelike waarhede te leer nie. Hierdie waarheid word deur die apostel Johannes bevestig:

26 Hierdie dinge het ek aan julle geskryf aangaande diegene wat julle verlei 27 en ook vir julle: dat as julle bly in die Salwing wat julle van Hom ontvang het, julle niemand nodig het om julle te leer nie, maar soos die Salwing wat van God is julle aangaande alles leer en waar is en daar geen leuen in Hom is nie en soos Hy julle geleer het, so moet julle in Hom bly. 1 Joh. 2:26 en 27.

Onthou egter dat die Afgesonderde Gees ons slegs kan leer indien ons die moeite doen om die geestelike kennis, insig en wysheid van YHVH se Woord soos kosbare skatte te versamel. YHVH se Woord is soos 'n diamantmyn en ons is die delwers, en hoe meer getrou ons met ywer delf, hoe meer geestelike diamante gaan ons ontdek wat geslyp kan word tot kosbare geestelike diamante van waarhede wat ons in ons alledaagse lewe sal kan toepas.

Onthou ook: Die Afgesonderde Gees gebruik die Skrifte as handboek om ons te leer. Indien ons dus nie weet wat in YHVH se handleiding staan nie, sal YHVH se Gees ons nie kan leer en lei nie. Satan sal ons egter kan mislei weens ons gebrek aan kennis!

Laat ons opnuut kennis neem van die waarskuwing in Hos. 4:6.

My volk word vernietig weens gebrek aan kennis. Omdat jy kennis verwerp het, sal Ek jou ook as My priester verwerp. Aangesien jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

Die wet is YHVH se Torah – Sy liefdevolle onderrig en instruksies. Die gevolg van gebrekkige kennis van YHVH se Torah het verwerping deur YHVH tot gevolg!

Talle gelowiges het so 'n gebrek aan kennis van die Woord – die Torah van YHVH – dat hulle egter nie in staat is om geestelike kennis te evalueer nie. Hierdie gebrek aan kennis is omrede daar staat gemaak word op wat ander hulle leer eerder as om self die Skrifte te ondersoek en deur die Afgesonderde Gees geleer te word. Die ywer, toewyding en liefde vir YHVH en SY Woord ontbreek. Daarom leef baie gelowiges weens 'n gebrek aan kennis in geestelike en fisiese ballingskap (Jes. 5:13).

Iemand wat slegs een uur per week voor die televisie deurbring sal nie beskou word as een wat die televisie aanbid nie. Tog word iemand wat een keer 'n week kerk bywoon beskou as een wat YHVH aanbid!

Yeshua het gesê dat ons die waarheid sal ken en dat die waarheid ons vry sal maak (Joh. 8:32). Slegs wanneer jy die volle waarheid ken, dit verstaan, dit glo en toepas kan jy 'n oorwinnaarslewe in Yeshua leef en al YHVH se seëninge deelagtig wees. Alleenlik dan sal jy met sekerheid die waarheid kan onderskei. YHVH se Woord is die waarheid en hoe goed jy die waarheid ken, sal bepaal word deur hoe goed jy die Woord ken.

Jou geestelike groei en insig in die geheimenisse van YHVH, en derhalwe jou verhouding met God soos in Yeshua openbaar gemaak is, word deur jouself beheer. Dit is jy wat besluit hoeveel tyd jy gaan spandeer en hoeveel moeite jy gaan doen om YHVH en Yeshua werklik deur die Afgesonderde Skrifte te ken. Onthou wat Yeshua gesê het:

Dit is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een. Joh. 17:3

Jy het egter die versekering dat die YHVH 'n beloner is van die wat met vertrou Hom soek (Heb. 11:6). Jy moet self soek, vra en klop (Matt. 7:8). Niemand kan dit vir jou doen nie! YHVH-Vader sal jou verhouding met Hom neem tot daar waar jy bereid is om te gaan. Hoe vêr is jy bereid om te gaan en hoeveel moeite is jy bereid om te doen om YHVH werklik te ken, sodat jy selfs Vader se hartklop kan hoor? Die keuse is joune en myne!

Elkeen is self verantwoordelik om genoegsame kennis te bekom om self te kan onderskei tussen die waarheid en die leuen. Die geestelike dinge wat jy glo is 'n saak tussen jou en God die Vader. Jy en ek gaan voor die regterstoel staan en verantwoordelik gehou word vir wat ons glo en vir hoe ons Sy Woord verklaar en toegepas het. Dan sal ons nie die blaam op iemand anders kan plaas nie.

Jy moet dit wat jy glo vir jouself uit die Skrifte kan bewys. Jy moenie glo wat jy glo omrede die denominasie of groep waarvan jy deel is dit glo nie, of omrede jy 'n sekere geestelike leier volg wat dit verkondig! Dan vertrou jy mense en nie die Woord van YHVH nie. Jy moet dit glo omrede dit die waarheid is. Dit moet nie vir jou die waarheid word omrede jy dit glo nie!!

Hoe seker is jy dat jou geloofsoortuiging en verklaring van die Skrifte die waarheid is? Indien jy iemand ontmoet wat van jou verskil, sal jy uit YHVH se Woord kan bewys hoekom hy of sy verkeerd is? As jy dit nie kan doen nie, dan is die kans goed dat daar

moontlike waarheid is in die ander persoon se oortuiging! Dan behoort jy jou te skaam, want jy is nie in staat om die woord van die waarheid reg te verklaar en dit toe te pas nie (2 Tim. 2:15).

Onthou: Daar is geen nuwe openbaringe in YHVH se Woord nie, maar daar is wel nuwe insig ten opsigte van die bestaande openbaringe van God soos in Sy Woord gekryf staan. 'n Openbaring mag vir jou nuut wees, maar dit was altyd in YHVH se Woord en jy het dit nou eers ontdek. Daarom moet elkeen voortdurend op soek wees na meer volledige insig van die geestelike waarhede in YHVH se Woord.

Onthou Yeshua se woorde toe Hy aan Sy dissipels gesê het: “Pas op dat niemand julle mislei nie” (Matt. 24:4).

Jy en ek kan slegs mislei word indien ons nie kan onderskei tussen die waarheid en die leuens nie! Ons moet weet dat beide die Christendom en Rabbynse Judaïsme is met leuens besoesdel. Is jy en ek in staat om te kan onderskei wat is waarheid en wat is leuens?

Ons liefdevolle Vader begeer dat ons die volle waarheid moet ken. Hy sal ons help om dit te verkry, maar ons sal met alle erns en toewyding self moet soek. Hoe dringend is jou behoefte om die volle openbaring van YHVH te ontvang? Met hoeveel ywer soek jy na die volle waarheid of dink jy dat jy genoeg weet, of dalk alles weet?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.